# KERSBOODSKAP 2008

VOTUM:
Die Woord het mens geword en het onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.

SEËNGROET
KERS
GEBED
SING: 364:1,2,3 (Latyn – Gloria); 340:1,2,3 Kom ons loof die Jesuskind, Hy is waarlik Koning!
LEES JES 9:5,6; ……… SING 345:1,2,3 Kom alle getroues
LEES LUK 2:8-14; ………SING 365:1,2 Hoor die blye eng'lelied; 348:1,2,3 Stille nag

**WAAR IS JESUS … EN JY?**

WAAR IS DIE KONING?
Ons vier vandag die geboorte van Jesus Christus die Here. **Maar *waar* is HY vandag?** Is Hy nog in die krip? … Nee, die krip is leeg. Is Hy aan die kruis? … Nee, kyk, die kruis is leeg! Is Hy in die graf? Wie was al by sy graf daar in Palestina? … Is Hy nog daar? …. Die graf is ook leeg! Waar IS Jesus dan?
**Die sterrekykers het dieselfde vraag gehad**. Matteus vertel: *"Na Jesus se geboorte het daar sterrekykers uit die ooste in Jerusalem aangekom en gevra: "Waar is Hy wat as koning van die Jode gebore is?"*(2:2)

HERODES IS VERSKRIK
En dan lees ons: *"Toe koning Herodus hiervan hoor, was hy, en die hele Jerusalem saam met hom, hewig ontsteld."* (v3)
Eintlik verwag 'n mens dit nie van 'n koning nie. 'n Koning moet altyd 'n toonbeeld wees van kalmte en krag, nie waar nie. Hy moet vir ander kan moed gee en inspireer.
Hoekom het hierdie vraag van die sterrekykers dan die koning so die skrik op die lyf gejaag? Dit was natuurlik omdat hulle van 'n nuwe KONING gepraat het! Dis soos om vandag in Zimbabwe aan te kom en vir pres Mugabe te sê: *"Ons hoor hier is 'n nuwe president en ons wil hom graag ontmoet!"*
Ons kry eintlik nie vandag nog sulke konings soos in die ou tyd nie. Toe was 'n koning nog 'n KONING! Sy woord was wet. Hy het groot mag en gesag gehad. Hy kon oorlog verklaar of vrede sluit; mense begenadig of

om die geringste rede laat doodmaak. Dink maar net aan konings van wie ons in die Bybel lees soos Dawid en Salomo en Agab.
Geen wonder Herodus het hom boeglam geskrik nie. Hy was natuurlik bang hierdie koning gaan sy plek kom inneem sodat HY nie langer kon koning wees nie. Hy voel bedreig as hy hoor van 'n ander koning. Hy was al klaar jaloers. Hy wou kastig ook aan die Koningskind hulde bewys. *"Gaan doen noukeurig ondersoek na die Kindjie,"* sê hy vir die sterrekykers, *"en as julle Hom kry, laat my weet, sodat ek ook aan Hom hulde kan gaan bewys."* (:8) Hoe vals kan 'n mens wees! Skelm en vol bedrog. Maar hy kon God nie bedrieg nie.

WAT IS ONS REAKSIE
Hoe voel jy daaroor as jy hoor dat Jesus die Koning is? Ons kan natuurlik verkies om liewer aan Hom te dink as die dierbare babatjie in die krip – wat nie enige eise aan ons stel nie. Ons is mos soms baie lieftallig met iemand anders se baba totdat die kind begin skree of 'n doek nodig het, dan gee ons haar terug aan haar ma, nie waar nie. Netso is Jesus OK solank Hy daar in die krip lê; dan pla Hy my nie. Daarom vertoef ons graag by die krip, hou partytjie, sing kersliedere en gaan dan maar weer ons gang.
Ons kan om dieselfde rede verkies om aan Hom te dink as Verlosser waar Hy magteloos aan die kruis vasgespyker is. Ons kry Hom jammer en is kwaad vir die mense wat dit aan Hom gedoen het. Maar weer, Hy hou vir ons geen bedreiging in nie. Ons klik met ons tong, vee 'n paar trane af en gaan dan maar weer ons gang.
Daarom is dit so nodig dat ons mekaar net weer vandag herinner aan waar Jesus <u>vandag</u> is. Ons glo en bely dat Hy opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God. Hy beklee die ereplek. Hy regeer. Hy is op die *troon*, want Hy is Koning!
Laat ons dus nie te lank by die krip of by die kruis vertoef nie en laat ons ons haas om by die troon te kom om DAAR aan Hom hulde te bewys!

Of is ons ook soos 'n Herodus te gesteld op ons eie eer? Onwillig om van ons eie troontjies af te klim? Klou ons soos Mugabe vas aan ons mag? *"Zimbabwe is MINE,"* sê hy die ander aand oor die TV. Baie mense sê hom agterna: *"My life is MINE!"* EK is koning! Hulle stel net in Jesus belang in soverre as wat Hy hulle kan help.
Duisende moes al met hul lewens boet vir Mugabe se selfsug. Talle kinders het gesterf weens Herodus s'n. Soos die Bybel sê: *"Die loon van die sonde is die dood."* Dit is die tragedie van 'n lewe sonder Jesus op die troon.

JESUS IS DIE HERE

Die engel het Jesus se geboorte vir die herders aangekondig met die woorde: *"Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here!"* Die woord *Here* is eintlik nie 'n eienaam nie. Dit is 'n titel - soos *Farao*. Ons dink baie maal Farao was iemand se naam, maar dit was hoedat die konings van Egipte destyds genoem is. *Kurios*, wat die Griekse woord vir Here is, het verskeie betekenisse wat almal vir ons iets oor Jesus sê.

1. Kurios kan **Baas** beteken. Dit dui dan op absolute gesag. Die eienaar van 'n slaaf is kurios genoem. Hy kon enigiets van sy slaaf vra en sy slaaf moes hom, sy heer en meester, gehoorsaam. Jesus het bv gesê niemand kan twee "here" dien nie. In die huidige vertaling lui dit: *"Geen huisbediende kan vir twee base tegelyk werk nie…"* (Luk 16:13)
2. Kurios dui ook op **absolute eienaarskap**. Jesus praat in een van sy gelykenisse van "*die heer van die wingerd*". Die wingerd was *syne*. So het Jesus ook as Here na sy eiendom toe gekom, maar sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. (Joh 1:11) Maar Hy is nog steeds Heer, Eienaar van die wêreld.
3. Die woord kurios of Heer is ook gebruik vir **'n voog**, in Engels *"guardian"*. Dit is 'n soort **beskermer.** Die regte van vroue is bv destyds deur sulke here beskerm wanneer kontrakte gesluit is. Jesus beskerm ons teen onsself en die bose magte en het Sy bystand aan ons beloof todat Hy ons kom haal. Hy is ons Voog, ons Beskermheer, ons "Guardian".
4. **Keisers** is ook destyds Here genoem. Dit was 'n aanduiding van mag en gesag. Elke onderdaan moes jaarliks trou aan die keiser sweer deur te verklaar *"Die Keiser is Here!"* Baie christene wat dit nie wou sê nie omdat hulle Jesus as enigste Here beskou het, het met hulle lewens geboet.

ERKEN JY HOM AS JOU HERE?

Hoe reageer ons op die boodskap dat Jesus ***die Here*** is?
Is u bereid om nie net soos Herodus die regte geluide en gebare te maak nie, maar **uit u hart uit** vir Jesus te sê: *"U is **my Meester** en ek sal u soos 'n toegewyde slaaf gehoorsaam?"* Kan u eerlik sê: *"U is **my Eienaar** en ek stel alles tot U beskikking?"* Kan u sê: *"Jesus, U is **my Voog** op Wie ek vertrou vir my leiding en beskerming"*? Is jy gewillig om vir Hom te sê: *"U is **my Keiser**, en omdat U my lief genoeg gehad het om u lewe vir my te gee, wil ek my lewe toewy aan die uitbreiding van u koninkryk"?* Kan jy saam met 'n **Thomas** na die opstanding bely: *"My Here en my God"* (Joh 20:28)?

Waar is Jesus? Hy is op die **troon**.
Is Hy ook op die troon *van jou lewe*?

Die **eintlike vraag** wat ek en jy vandag moet beantwoord, is: **Waar is EK?** Buig ek nog oor die kindjie in die krip, of staar ek nog na die Verlosser aan die kruis, of soek ek Hom nog by die leë graf?
Kom ons kniel voor sy troon erken Hom as ons Here en Koning. Laat dit wat ons vaneffe gesing het nie soos in Herodes se geval net by woorde bly nie:

*Dit is sy geboortedag, daarom sing ons: Ere!*
*Ons sal Hom nou dank en prys – Heer so hoog verhewe!* (Lied 340v2)

*Kom lofsing* ***die Here****; Hy is onse* ***Koning****.*
*Vir ons word Hy mens en oorwin die dood.*
*Hy* ***heers met reg*** *in hemel en op aarde –*
*Buig dankbaar in aanbidding*
*Voor Christus,* ***die Heer****!* (Lied 345v3)

*Stille nag, heilige nag!*
*Jesus,* ***Heer****, voor u mag,*
*Voor u ryk* ***moet die duisternis swig;***
*Tot in ewigheid bly U die lig-*
***Heer****, gebore vir ons!*
***Heer****, gebore vir ons!* (Lied 348v3)

Amen.

GEBED

SING: 201:1,2,3 Lofsing die Heer (lees v1 en 2)

SEEN.

25 Des 2008